



'n Leksikologiese studie van die klas adjektiewe waartoe *ene* behoort

Fritz Ponelis
Departement Afrikaans en Nederlands
Universiteit Stellenbosch
STELLENBOSCH
E-pos: fponelis@mweb.co.za

Abstract

A lexicological study of the set of Afrikaans adjectives containing “ene”

The tiny lexicological set accounted for in the present article comprises “ene”, “loutere”, “pure”, “skone”, “suiwere”, “volle”, “reine” and “totale”.

*Die kinders is die “ene” ore.
The kids are all ears.*

*Die lees daarvan verskaf “loutere” plesier.
Reading it provides sheer pleasure.*

The lexicological framework forming the basis of the discussion makes reference to lexical, syntactic and semantic features. Formal and semantic specialisation is discussed and illustrated in respect of a wide range of data.

The adjectival set is defined in terms of semantic features such as the following.

(i) “totally, full of”

*Haar lirieke is die “ene” opstand en adolessente aggressie.
Her lyrics are sheer revolt and adolescent aggression.*

(ii) “nothing else than”

*Ek bespeur “skone” (loutere, pure, suiwere, reine, die ene) verwondering op die gesigte rondom my.
I noticed sheer amazement on the faces around me.*

Subsets within the encompassing whole are brought to light by crosscutting features, such as the combination of the definite

article "die" (the) with "ene" and "pure", and the variability of the ending -e in "loutere" and "suiwere" but not in "ene" and "skone".

In conclusion, the articles dealing with "ene", "loutere" and "pure" in the comprehensive dictionary of Afrikaans, "Woordeboek van die Afrikaanse Taal", are subjected to critical analysis.

Opsomming

'n Leksikologiese studie van die klas adjektiewe waartoe "ene" behoort

Die leksikologiese versamelinkie waarvan in die onderhawige uiteensetting rekenskap gegee word, behels "ene", "loutere", "pure", "skone", "suiwere", "volle", "reine" en "totale".

Die kinders is die ene ore.

Die lees daarvan verskaf loutere plesier.

In die bespreking word uitgegaan van 'n leksikologiese raamwerk waarin rekenskap gegee word van leksikale, semantiese en sintaktiese verskynsels. Vormlike en semantiese spesialisering word bespreek en toegelig aan die hand van 'n verskeidenheid gegewens.

Die adjektiewiese versameling word gedefinieer op grond van betekenisonderskeidings soos die volgende:

(i) "geheel en al, vol van"

Haar lirieke is die "ene" opstand en adolossente aggressie.

(ii) "niks anders nie as"

Ek bespeur "skone" (loutere, pure, suiwere, reine, die ene) verwondering op die gesigte rondom my.

Deelversamelings binne die oorkoepelende geheel word aan die lig gebring deur kruisverdelende kenmerke, soos die verbinding van die bepaalde lidwoord "die" met "ene" en "pure", en die fakultatiwiteit van die uitgang -e in "loutere" en "suiwere", maar nie in "ene" en "skone" nie.

Ter afsluiting word die artikels "ene", "loutere" en "pure" in die "Woordeboek van die Afrikaanse Taal" krities ontleed.

1. Inleiding

Hierdie artikel is 'n leksikologiese studie van 'n groepie adjektiewe wat, in wisselende mate, bepaalde semantiese en grammatiese eienskappe gemeenskaplik het. Die gebruiklikste, sentrale lede van die versameling is *ene*, *loutere*, *pure*, *skone* en *suiwere*. Tot die rand

van die versameling behoort die heelwat minder gebruiklike *volle*, *reine* en *totale*.

Die kinders is (die) *ene* ore.
Sandveldboertjie is (die) *ene* bekfluitjie.

Pa los die stuurwiel van *skone* skrik.
Sy sing met soveel oorgawe en passie dat ek *skone* verwondering op die gesigte om my bespeur.

Die lees daarvan verskaf *loutere* plesier.
Tot ander se *loutere* vermaak boemerang haar slim plannetjies.

Dis die kerkklok (maar nie snags nie: die *pure* bedagsaamheid!). (Fanie Olivier)
Sy het 'n paar passies gemaak, vir die skare gewaai en net vir (die) *pure* plesier nog 'n laaste sprong gegee.

Die Harry Potter-boeke is *suiwere* hekserie.
Ons sogenaamde nuwe kultuurbronne is *suiwere* na-aperie.

Alles word vir (die) *reine* plesier gedoen.
Dit is die *reine* waarheid.
Ek stel net belang in die waarheid, die *volle* waarheid en niks anders as die waarheid nie.
Dit is *totale* onsin.

Daar word getrag na 'n omvattende leksikologiese beskrywing van die betrokke leksikale versameling, met die inagneming van sowel vormlike as semantiese verskynsels. Wat die sintaksis betref, word van die onderstaande raamwerk gebruik gemaak:

Binnebou van die substantiefstuk wat die betrokke adjektief bevat

Die substantief
Die bepaalde lidwoord

Spreading (buitebou)

Van die substantiefstuk
Onderwerp, voorwerp, kopulapredikaat ...

Van die adjektief self
Adjunk
Graadbepaling binne 'n adjektiefstuk

2. Die leksikologie

Die leksikologie is die studie van leksikale elemente, wat tesame die leksikon uitmaak, en hulle samehang. Die leksikale elemente omvat leksikale kenmerke, leksikale eenhede en leksikale uitdrukkings – vgl. Booij (2005:3 e.v.), De Stadler (1989:49 e.v.), Gouws (1989:84 e.v.), Lyons (1977 (Deel 1):18 e.v.) en Ponelis (1989) vir bespreking en verskillende sienings.

Leksikale kenmerke bevat aspekte sonder fonologiese vergestaltung, soos kategorie (naamwoord, werkwoord, adjektief ...) en bepaaldheid in die geval van name (Janet, Potchefstroom). Leksikale eenhede is minimale diskrete en fonologies vergestaltete leksikale elemente wat lekseme, affikse en uitdrukkings omvat.

Die lekseem het die potensiaal om vry sintaktiese spreiding, dus verplaasbaarheid, te hê, soos *gisteraand* in die onderstaande voorbeeld:

Die keerpunt het *gisteraand* gekom.
Gisteraand het die keerpunt gekom.

Die lekseem is leksikaal minimaal in die sin dat dit nie, soos die woordgroep (bv. *op 11 September*), sintakties verdeelbaar is nie.

Affikse (prefikse en suffikse) verbind met lekseme om komplekse (of: komplekse lekseme) te vorm. Leksikale uitdrukkings (Gouws, 1989:97 e.v.) is sintakties verdeelbare vaste frases, soos byvoorbeeld groepsetsels (*met behulp van ...*, *in plaas van ...*), deeltjiewerkwoorde (*aanhou*, *doodgaan*, *liefhê*) en idiome.

Die materie van die leksikologie is oor verskillende studieverlede versprei. Desondanks is die leksikologie 'n eie taalkundige subdissipline wat onderliggend is aan (praktiese) vergestaltung in die leksikografie.

In die resente en vroeër vakliteratuur kom daar weinig van die leksikologie as integrale dissipline tereg. Die bron wat die naaste aan 'n integrale siening kom, is Lipka (1990) waarin die aard van leksikale elemente, die morfologie en die leksikale semantiek aan die orde gestel word, maar die sintaksis buite rekening gelaat word. Origns behandel die bronne bepaalde aspekte van die leksikologie. In resente grammatikas soos Börjas en Burridge (2001: hfst. 3) en Collins en Hollo (2000:23 e.v.) (albei beskrywings van Engels) word aandag gegee aan die sintaksis van leksikale items, veral wat hulle kategoriale aard en subkategorisering betref. Die omvangryke

eerste deel (782 bladsye) van *Algemene Nederlandse Spraakkunst* (Haeseryn *et al.*, 1997) is, afgesien van 'n baie bondige algemene inleiding, in sy geheel gerig op die sintaksis en morfologie van leksikale elemente. In die algemene vakliteratuur word die semantiek van leksikale elemente (die leksikale semantiek) in 'n aantal bronne bespreek, waaronder Cruse (1986), Lyons (1977 (Deel 1):230 e.v.) en De Stadler (1989:61 e.v.). Die onderdeel van die leksikologie wat in die algemene vakliteratuur verreweg die meeste aandag geniet, is die morfologie; vergelyk onder baie ander Booij (2005), Katamba (2004) en Spencer en Zwicky (1998). Wat Afrikaans betref, is daar naas Kempen (s.j.) onder andere Botha (1988), Combrink (1990) en Ponelis (1993:511 e.v.).

Die taalkundige dissipline met die duidelikste leksikologiese fokus, dit wil sê, die fokus op individuele en afsonderlike leksikale elemente, is die leksikografie, in die besonder die omvattende verklarende leksikografie, soos in die *Woordeboek van die Afrikaanse taal*. Nogtans moet daarmee rekening gehou word dat 'n woordeboek geensins 'n eksplisiete stuk leksikologiese kennis van 'n bepaalde taal weergee nie, maar 'n praktiese, toeganklike en kommersieel bruikbare samevatting van bepaalde leksikologiese inhoud bevat.

3. Die semantiese samehang van die versameling

Die lede van die versameling is eerstens sintagmaties verbindbaar (in nadruklike neweskikking) en tweedens paradigmatis verwisselbaar (onderling vervangbaar) in die spelbetekenisonderskeidings.

- **Sintagmaties verbindbaar**

Ek het eenmaal ... op niks anders as die *pure skone* melk gelewe nie (WAT).

Vir baie toeriste is 'n besoek aan die Okavango *skone, loutere* genot.

Amerika is die *pure, loutere, suiwere* onskuld self.

Om na 'n verpletterende neerlaag te sê ons span is nie verneder nie, is *pure/reine* onsin.

Ella se man het haar van die *ene, skone* beneuktgeit ontval.

- **Paradigmaties verwisselbaar**

- (i) *geheel en al, vol van*

Haar lirieke is die *ene* opstand en adolossente aggressie.
Haar lirieke is *loutere* (pure, skone, suiwere, reine) opstand en adolossente aggressie.

Die lewe is *pure* (die ene, loutere, skone, suiwere, reine) maanskyn en rose.

(ii) *niks anders nie as*

Ek bespeur *skone* (loutere, pure, suiwere, reine, die ene) verwondering op die gesigte rondom my.

(iii) Die versameling het affekties-nadruklike en selfs hiperboliese waarde, wat vorendag kom in die kontras tussen sterk gekleurde uitdrukkings met die affektiese adjektiewe, en neutrale uitdrukkings daarsonder, soos in die onderstaande voorbeelde. Adjektiewe as 'n klas neig sterk tot evaluatiewe, affektiese gebruikswaarde, maar daar is verskeie subgroepe waarin dié waardes besonder sterk op die voorgrond staan, soos dié wat tans aan die orde is en byvoorbeeld *arme, stomme, ou, dierbare, liewe* en adjektiewiese vloeke en swetse soos *blerrie, bliksemse* en *fokken*.

Ek bespeur *skone* verwondering op die gesigte rondom my.
Ek bespeur ... verwondering op die gesigte rondom my.

Die hele aangeleentheid kom neer op *pure* bespiegeling.
Die hele aangeleentheid kom neer op ... bespiegeling.

Kan ons die eenvormigheid en harmonie van die natuur aan die *loutere* toeval toeskryf?

Kan ons die eenvormigheid en harmonie van die natuur aan die ... toeval toeskryf?

Om na 'n verpletterende neerlaag te sê ons span is nie verneder nie, is *reine* onsin.

Om na 'n verpletterende neerlaag te sê ons span is nie verneder nie, is ... onsin.

Dit gee nie voor om die *volle* waarheid te wees nie.
Dit gee nie voor om die ... waarheid te wees nie.

Ons sogenaamde nuwe kultuurbronne is *suiwere* na-apery.
Ons sogenaamde nuwe kultuurbronne is ... na-apery.

Nadat ek Africanus se stuk gelees het, het ek *die ene* hoendervleis gekry.

Nadat ek Africanus se stuk gelees het, het ek ... hoendervleis gekry.

4. Die bepaalde lidwoord *die*

Daar is 'n groot verskeidenheid daarstellende/konstituerende voorwaardes (pragmaties, tekstueel en sintakties) vir die gebruik van die bepaalde lidwoord (Hawkins, 1978:106 e.v.). Sintakties word *die* deur verskillende elemente en strukture gekonstitueer, waaronder die naamwoord wat die kern is van die betrokke naamwoordstuk, 'n *van*-nabepaling of 'n nabepalingsklous.

- **Die naamwoord self**

'n Groot versameling naamwoorde vereis *die*:

balie

In 1998 het hy toegetree tot *die balie*.

* tot ... *balie*

hof

Ons sien jou in *die hof*.

* in ... *hof*

sending

Sy het haar voorberei op *die sending*.

* op ... *sending*

Karoo

Die Karoo het selfs in die winter 'n sjarme.

* ... *Karoo*

- **'n *Van*-nabepaling**

Die kernsubstantief (*voorbeeld* en *tekstuur* hier onder) word deur die volgende *van*-nabepaling tekstueel gesitueer sodat die betrokke referente as gedeelde kennis vertolk (Hawkins, 1978:130; Lyons, 1999:3) en as sintakties bepaald gerealiseer word.

Volg gerus die voorbeeld van Thailand.

*Volg gerus 'n voorbeeld van Thailand.

Hou jy van die tekstuur van die verf?

*Hou jy van 'n tekstuur van die verf?

- **'n Nabepalingsklous**

Ten opsigte van hierdie struktuur geld dieselfde as die voorgaande.

Sy houding word verklaar deur *die feit* dat sy teenstander oneties opgetree het.

* Sy houding word verklaar deur 'n feit dat sy teenstander oneties opgetree het.

Op *die oomblik* dat ek die naaste aan 'n oplossing kom, val daar weer iets voor.

* Op 'n *oomblik* dat ek die naaste aan 'n oplossing kom, val daar weer iets voor.

Die effense skugterheid waarmee sy langs hom kom sit, val hulle almal op.

* *Effense skugterheid* waarmee sy langs hom kom sit, val hulle almal op.

Hierdie drie konstitutiewe elemente en strukture kan (onder baie ander) ook met die optrede van *die* binne 'n substantiefstuk met *ene*, *pure* of ander adjektiewe gepaard gaan sonder dat die betrokke adjektiewe iets met die optrede van die bepaalde lidwoord te doen het. Parallele strukture sonder die betrokke adjektiewe laat immers blyk dat *die* steeds teenwoordig is.

- **Konstitutiewe naamwoord**

Dit is die *reine/volle/loutere* waarheid.

Vergelyk: Dit is die waarheid.

Kan dit aan *die loutere toeval* toegeskryf word?

Vergelyk: Kan dit aan *die toeval* toegeskryf word?

- **Konstitutiewe van-nabepaling**

Daar is min dinge wat *die pure plesier van 'n pragtuin* klop. Jy lees agter *die pure genot van die tuinmaakboek* aan asof dit 'n boeiende verhaal is.

- **Konstitutiewe nabepalingsklous**

Nog nooit weer het ek *die pure ekstase* ervaar wat *daardie roman so reg laat voel het nie*.

Ons skryf hier van *die pure smart om van jou ouers weggeskeur te word*.

Bostaande is almal gevalle van *ekstrinsieke die*; dit wil sê *die* wat gepaard gaan met iets buite die adjektief (*ene*, *pure*) self. Wanneer adjektiewe uit die onderhawige groep die optrede van *die* konstitueer, word gepraat van *intrinsieke die*. Twee lede van die sentrale groep, naamlik *ene* en *pure*, verbind met fakultatiewe, *intrinsieke die*. *Loutere*, *skone* en *suiwere* het nie hierdie verbindbaarheid nie.

Die kinders is (die) *ene* ore.
 Haar arms was (die) *ene* blou kolle na die jongste onderonsie
 tussen haar en haar man.
 Die hele naweek was dit (die) *ene* stof in die karavaan.

Met hierdie duidelike, maklike resepte kan 'n mens jou gesin
 gesond laat eet vir (die) *pure* plesier en nie soseer omdat die
 geregte sogenaamd gesond sou wees nie.
 Sy het 'n paar passies gemaak, vir die skare gewaai en net vir
 (die) *pure* plesier nog 'n laaste sprong gegee.
 Van (die) *pure* verleentheid laat hy haar hand los.

Pa los die stuurwiel van *skone* skrik.
 Dr. Van der Merwe het die skool uit *loutere* liefde gedien.
 Die Harry Potter-boeke is *suiwre* hekserie.

Die aard van die fakultatiewe wisseling word in die afdelings oor *ene*
 en *pure* nader bespreek.

Dit ontbreek die woord *die* wat deur *ene* en *pure* gekonstitueer
 word aan alle bepaaldheid. Dit is 'n semanties leë homoniem wat
 histories uit die bepaalde lidwoord *die* ontwikkel het. Sowel die
 fakultatiwiteit as die volstreekte sinonimie tussen strukture met en
 strukture sonder *die* soos in die bostaande voorbeelde gee blyke
 van die semantiese leegheid van hierdie tipe *die*. 'n Dergelike
 verskynsel kom elders op verskillende terreine van die Afrikaanse
 grammatika voor, waar strukture met en strukture sonder *die* vry en
 sonder betekenisverskil wissel.

- **Vaste uitdrukkings**

in (*die*) belang van beter betrekkinge
 in (*die*) gedrang kom
 op (*die*) hoogte wees van die jongste ontwikkelings
 in (*die*) besonder
 (*die*) meeste
 in (*die*) praktyk
 om (*die*) een of ander absurde rede

- **Abstrakte naamwoorde**

(*Die*) *Bestuur* stamp gereeld kop met die ouditeure.
 Tot (*die*) *paganisme* bekeer.
 Derrida is 'n hoofvertegenwoordiger van (*die*) *poststruktu-*
ralisme.
 En waar staan (*die*) *fisika* in Suid-Afrika vandag?
 Uit (*die*) *filosofie* het alle vakwetenskappe ontstaan.

- **Nominaalkonstruksies**

Rasionalisasie het gelei tot (*die*) *eenvormige behandeling van verskillende kredietprodukte* en (*die*) *samesmelting van instellings*.

Vir vakbonde is (*die*) *veroudering van die personeel ook 'n probleem*.

5. *Ene*

Ene/die ene het kenmerke soos die onderstaande wat hom van ander lede van die onderhawige versameling onderskei.

5.1 Leksikale aard

Ene gaan uit op 'n vaste -e wat deel vorm van die lekseem en is geen attributiewe -e is wat morfologies onderskei kan word van die geheel nie. Hierdie vaste -e hang saam met die herkoms van die vorm uit die variant *ene* van die bepaalde hooftelwoord *een*. WAT-optekeninge uit die eerste dekades van die twintigste eeu bevat wel die variant *een*, maar dié het intussen totaal in onbruik verval.

In sowel die oudste WAT-optekeninge (vroeg-twintigste eeu) as eietydse Nederlandse gebruiksevalle uit Van Dale (2004) is daar 'n aantoonbare verband met 'n poliseem van die hooftelwoord *een* wat op 'n "aaneengeslote, ongedifferensieerde geheel" slaan.

Onder die berg langes was dit *een* houtbos aanmekaar (WAT: C.J. Langenhoven).

Die lewe is net *een* kwelling en ontnugtering (WAT: Fritz Steyn).

De straat is *één* modder.

't is *één* dijk.

Na de doorbraak was het terrein *één* zee.

Maar daar is geen sinkroniese vormlik-leksikale verband óf met die bepaalde hooftelwoord *een* óf met 'n ander lekseem of versameling lekseme nie. Wat dit betref, is *ene* 'n leksikale unikum. Vanweë die semantiese verband met *loutere*, *pure* en andere wat in afdeling 2 bo uiteengesit word, word *ene* as 'n (perifere) adjektief geklassifiseer: dit ontbreek *ene* sowel aan die fakultatiewe attributiewe -e wat die ander lede van die klas kenmerk, as die vermoë om 'n oortreffende trap te vorm.

5.2 Sintaksis

5.2.1 Binnebou

5.2.1.1 Die substantief

Sowel die oopheid as die wye verskeidenheid van die versameling substantiewe waarmee *ene* verbind, is simptome van die produktiwiteit van *ene*-konstruksies.

Speldprikensasie en *kamera-oë* is neologistiese samestellings wat nie om die hawerklap teëgekomp word nie.

Haar hande was die ene *speldprikensasie*.

Daar het ons gesit – die ene afwagting en *kamera-oë* vir die konsertjie waaraan die kleuters al maande oefen.

Die geïdiomatiseerde newegeskikte substantiefstuk *rep en roer* het 'n uiters beperkte sintaktiese spreiding.

Steytlerville was die naweek die ene *rep en roer*.

Rep en roer verbind net met die setsel *in, in rep en roer*, maar in die bostaande gebruiksgeval word die uitdrukking deur *ene* buite die gewone verband van *rep en roer* in substantiewiese funksie (as kopulapredikaat) ingespan, dus soos *vuur en vlam*, wat in die onderstaande voorbeeld ook sonder *ene* as kopulapredikaat kan optree.

Toe die skootdans begin, is Poen (ene) *vuur en vlam*.

Tot die verskeidenheid substantiewe behoort die onderstaande.

- **Abstrakta**

Sy is wawydwakker en die ene *aandag*.

Haar hande was die ene *speldprikensasie*.

afwagting, aggressie, aksie, bedrywigheid, belangstelling, bewerasie, bravade, glimlag, hartlikheid, konsentrasie, lewe, liefde, liefdevolheid, ongelowigheid, onskuld, opstand, plesier, skalksheid, stuitigheid.

- **Konkrete massanaamwoorde**

Ou tante Koba staan en loer. Sy skink haar koffie die ene *moer* (*Ou tante Koba*).

My hele lyf van kop tot tone is die ene *hoendervleis*.

Die hele naweek was net die ene *stof* in my karavaan.

Die water smaak die ene *yster*.
Die Slangrivier was daardie tyd die ene *rietvlei*.

Die verbinding met *ene* aktiveer 'n generiese (nie-verwysende) toepassing van enkelvoudige soortnaamwoorde waardeur 'n eienskap (eerder as 'n referent of entiteit) aangedui word. Hierdie generiese gebruik strook met die gebruikswaarde "ongediferensieerde geheel" van *die ene* (vgl. verder afdeling 4.3. hier onder).

Hy glimlag slu en sit dan regopper – die ene *meerkat*.
Chris Chameleon lyk die ene *boerseun*.
Hulle blues is van meet af die ene *doringdraad* en *moerasmodder*.
Sandveldboertjie is die ene *bekfluitjie* (Musiekresensie).
Hy lyk soos Grizzly Adams – die ene *baard* en taai *leerverl*.

- **Meervoudige soortnaamwoorde**

Die gesig is die ene *plooie*.
Die gehoor is ene *ore*.
As hy op die verhoog klim, is hy die ene *glimlaggies* en *wimpers* wat fladder.
Dis die ene *waagtoertjies* van begin tot einde.
Sy lyf is gewoonlik die ene blou *kolle*.

5.2.1.2 *Die*

Die voorkeur vir *die ene* + substantief bo *ene* + substantief is oorweldigend. 'n Google-ondersoek van die substantiewe *aandag*, *bedrywigheid*, *belangstelling*, *hoendervleis*, *konsentrasie*, *liefde*, *onskuld*, *opgewondenheid*, *ore*, *plesier*, *stof* en *vriendelikheid* het 75 (95%) gebruiksevalle van *die ene* + substantief opgelewer: die ene *bedrywigheid*, die ene *belangstelling*, die ene *hoendervleis*, ensovoorts en net vier van *ene* + substantief, waaronder ene *ore* en ene *liefde*.

5.2.2 Spreiding

Die uiters beperkte sintaktiese spreiding van *ene* is omgekeerd eweredig met die wye verskeidenheid substantiewe waarmee hy verbind. Substantiefstukke met *ene* is oorwegend kopulapredikate in verbinding met die koppelwerkwoord *wees*.

Ons weet immers nou al die gebed *is* ene dankbaarheid.
Die Namakwalandtoer *was* ene jolyt.
As daar oor weersake gepraat word, *is* almal deesdae die ene

oë en ore.
 Haar hande *was* die ene speldprikensasie.
 Sy *is* die ene hartlikheid.
 Die kinders *is* die ene ore.
 Haar gesig *is* die ene plooië.

By geleentheid word ook ander kopulas gebruik.

Die water *smaak* die ene yster.
 As hy met 'n oulike nooi moes gesels, *raak* sy gladde tong die ene skurfte.
 Ons was nie ver die bosse in nie, toe sien die eerste een 'n seldsame fynbosplantjie, en daar *raak* die geselskap toe skielik die ene oë.
 Chris Chameleon *lyk* die ene boerseun.

Ook redelik algemeen is apposisionele substantiefstukke met *ene*, wat nou verbonde is met kopulapredikate.

Hy staan met die mikrofoon in die hand, die ene konsentrasie.
 Daar het ons gesit – die ene afwagting en kamera-oë vir die konsertjie waaraan die kleuters al maande oefen.
 Hy lyk soos Grizzly Adams – die ene baard en taai leerver.
 Hy glimlag slu en sit dan regopper – die ene meerkat.
 Die temperament van die Jerseys het die besoekers beïndruk – die ene oë en ore.
 Vrydag / kom jy aangestap na my / met Uitspan-lemoene. / Ek die ene oë / komplimenteer bloot / jou nuwe slenterskoene (Wilhelm Jordaan: *T-hempies maak my week*).

Substantiefstukke met *ene* is in ander sintaktiese verbande swak verteenwoordig.

- **Voorwerp**

Nadat ek Africanus se stuk gelees het, het ek *die ene hoendervleis* gekry.

- **Adjunk**

Ou tante Koba staan en loer. Sy skink haar koffie *die ene moer* (*Ou tante Koba*).
 Een van die seuns kom *die ene bloed* huis toe.
 Johan straal *die ene liefde* teenoor die wollerige klein katjie.

- **Setselaanvulling**

“Liewer dood as uit die mode,” sê Hennie met *die ene onskuld* in sy blou oë.

Sy gesigsuitdrukking verander van *die ene konsentrasie* na ongelooftlike verbasing.

5.2.3 Idiomatisering

Vaste uitdrukkings met *ene* behels verbindings met die substantiewe *ore*, *oë* (meervoud) – ook in kombinasie.

Die gehoor is ene ore.

Die redaksie is ene ore vir voorstelle.

Ons was nie ver die bosse in nie, toe sien die eerste een 'n seldsame fynbosplantjie, en daar raak die geselskap toe skielik die ene oë.

Vrydag / kom jy aangestap na my / met Uitspan-lemoene. / Ek die ene oë / komplimenteer bloot / jou nuwe slenterskoene (Wilhelm Jordaan: *T-hempies maak my week*).

As daar oor weersake gepraat word, is almal deesdae die ene oë en ore.

Die temperament van die Jerseys het die besoekers beïndruk – die ene oë en ore.

5.2.4 Sintaktiese disjunktheid

Daar is enkele gevalle van konstruksies met (*die*) *ene* wat direkte korrelate sonder (*die*) *ene* het.

Nadat ek Africanus se stuk geles het, het ek *die ene* hoendervleis gekry.

Nadat ek Africanus se stuk geles het, het ek ... hoendervleis gekry.

“Liewer dood as uit die mode,” sê Hennie met *die ene* onskuld in sy blou oë.

“Liewer dood as uit die mode,” sê Hennie met ... onskuld in sy blou oë.

Toe die skootdans begin, is Poen *ene* vuur en vlam.

Toe die skootdans begin, is Poen ... vuur en vlam.

In verreweg die meerderheid gevalle is daar egter geen direkte korrelate sonder (*die*) *ene* nie.

Die Namakwalandtoer was *ene* jolyt.

* Die Namakwalandtoer was ... jolyt.

Sy is wawydwakker en *die ene* aandag.

* Sy is wawydwakker en ... aandag.

Die kinders is *die ene* ore.

* Die kinders is ... ore.

Haar gesig is *die ene konsentrasie*, en haar vuiste druk teen die sitplek.

* Haar gesig is ... *konsentrasie*, en haar vuiste druk teen die sitplek.

Die water smaak *die ene* yster.

* Die water smaak ... yster.

Hy staan met die mikrofoon in die hand, *die ene* konsentrasie.

* Hy staan met die mikrofoon in die hand, ... konsentrasie.

Daar het ons gesit – *die ene* afwagting en kamera-oë.

* Daar het ons gesit – ... afwagting en kamera-oë.

Een van die seuns kom *die ene* bloed huis toe.

* Een van die seuns kom ... bloed huis toe.

Ene vergroot dus die verbindingsmoontlikheid van die substantiewe waarmee hy kombineer. Vergelyk verder afdeling 5.3 direk hierna.

5.3 Betekenis

Die wye verskeidenheid verbindings met *ene* deel 'n affekties-hiperboliese betekenis “niks anders nie as; net/uitsluitlik”. Hierdie toepassing het ontwikkel uit dié van die hoofwoord *een* wat op 'n “aaneengeslote, ongedifferensieerde geheel” slaan (vgl. afdeling 5.1 hier bo).

Sy is wawydwakker en *die ene* aandag.

Die Slangrivier was daardie tyd *die ene* rietvlei.

Haar gesig is *die ene* konsentrasie.

Sy is *die ene* hartlikheid.

Die kinders is *die ene* ore.

Die gesig is *die ene* plooië.

My hele lyf van kop tot tone is *die ene* hoendervleis.

In 'n klompie gevalle kan *ene* deur die nie-affektiese *vol* vervang word.

Toe die ou uiteindelik daar aankom, is hy ene smiles.
Toe die ou uiteindelik daar aankom, is hy vol smiles.

Die taal is nog die ene bruisende lewe.
Die taal is nog vol bruisende lewe.

Daar het ons gesit – die ene afwagting.
Daar het ons gesit – vol afwagting.

Hulle het die man beskuldig dat hy die ene sonde is.
Ons kry dit nie reg om die ene liefde vir God en ons naaste te wees nie.
Een van die seuns kom die ene bloed huis toe.
Haar gesig is die ene plooië.

'n Belangrike funksie van *ene* is om 'n semantiese disjunktheid, 'n metaforiese lesing, te aktiveer.

Hulle blues is van meet af die ene doringdraad en moerasmodder.
(Hulle blues is outentiek, asof dit uit die mees afgeleë platteland van die Suid van die VSA kom.)

Hy glimlag slu en sit dan regopper – die ene meerkat.
(Hy lyk presies soos 'n meerkat as hy glimlag en regopper gaan sit.)

Hy is ene verkoopsman.
(Hy tree op soos 'n verkoopsman. Hy hou sy lyf verkoopsman.)

Sandveldboertjie is die ene bekfluitjie (Musiekresensie).
Hy lyk soos Grizzly Adams – die ene baard en taai leerverel.

6. *Louter(e), suiwer(e)*

Sowel *louter* as *suiwer* is heel tipiese adjektiewe. Die toepassing "net, alleen" waaroor dit hier gaan, is polisemies verbind met "onvermeng" soos in *louter/suiwer goud*, *louter/suiwer brandewyn*. Albei het frekwente vrye variante op die attributiewe *-e*, *dus loutere*, *suiwere*.

Boerdery in die Kalahari is elke dag *louter(e)* plesier.
Wanneer hy advertensievoorleggings aan kliënte moes doen, het Johan *louter(e)* doodsvrees ervaar.
Ons sogenaamde nuwe kultuurbronne is *suiwer(e)* na-apery.
Ras en geslag veronderstel 'n *suiwer(e)* genetiese komponent.

Albei adjektiewe het affektiese oortreffende trappe.

Dit is die louterste/suiwerste onsin.

Tot die louterste vermaak van sy vrou struikel hy oor sy woorde.

Alles is in die suiwerste eenvoud uitgevoer.

6.1 Sintaksis

6.1.1 Binnebou

Louter en *suiwer* verbind met abstrakte substantiewe, byvoorbeeld *bemagtiging, bog, eenvoud, genade, genot, gewig, heksery, koersverlaging, liefde, meriete, na-apery, oortuiging, opwinding, vreugde* en *waarheid*.

Dit kos net R345 vir drie uur se *loutere/suiwere* genot. Ek vra maar uit *louter/suiwer* nuuskierigheid.

6.1.2 Spreiding

Daar is geen beperkings op die sintaktiese spreiding van die substantiefstukke waarin die twee adjektiewe optree nie.

- **Onderwerp**

Louter/Suiwer eenvoud ter wille van eenvoud is nie 'n noemenswaardige ideaal nie.

- **Voorwerp**

Hy het loutere/suiwere doodsvrees ervaar.

- **Setselaanvulling**

Dr. Van der Merwe het die skool uit louter/suiwer liefde gedien. Die geheel stort ineen onder die loutere/suiwere gewig van die geskiedenis.

- **Kopulapredikaat**

Dit was loutere/suiwere genot.

Origens word die twee adjektiewe as adjunkte en graadbepalings gebruik.

- **Adjunk**

Die jaar se ranglys is louter/suiwer op grond van prestasie opgestel.

Dit gaan hier nie louter/suiwer om die onderwys nie.

- **Graadbepling**

Ek besef nie eers hoe louter/suiwer gelukkig ek is nie.

Die benaminge is louter/suiwer beskrywend.

Fanola BioFuel is 'n louter/suiwer plantaardige byproduk.

Die geskiedenis word benader vanuit 'n louter/suiwer genetiese perspektief.

7. *Pure*

Pure is sowel semanties as vormlik gespesialiseerd.

Sinkronies het van die verskillende toepassings alleen "net, niks anders nie as" oorgebly.

Met hierdie duidelike, maklike resepte kan 'n mens jou gesin gesond laat eet vir die pure plesier en nie soseer omdat die geregte sogenaamd gesond sou wees nie.

Amerika is die pure onskuld self.

Die toepassing "onvermeng" soos in *pure koper/silwer/sout/water/wol* het lankal uit die lewende taalgebruik verdwyn.

Pure (met die eertydse attributiewe suffiks) is die lewende, kanonieke vorm, terwyl *puur* op sterwe na dood is. Die voorbeelde met *puur* in die WAT doen, ondanks die resente optekingsdatum, argaïes aan.

Dis nie uit puur nuuskierigheid dat ek vra nie (1985).

Dis van puur minderwaardigheid ... (1967).

Huldeblyk aan Elton is puur plesier (1997).

puur verniet

puur verbaas

puur geskiedkundige feite

7.1 Sintaksis

7.1.1 Binnebou

7.1.1.1 Die substantief

Soos *louter* en *suiwer* verbind *pure* met 'n baie wye verskeidenheid abstrakte substantiewe. 'n Heel algemene verbinding is dié met die substantief *genot* en sinonieme soos *genoegdoening*, *lekkerte*, *plesier*, *pret* en *vreugde*.

Dankie vir al die pure plesier.

Tot die pure genot van die Italiaanse skare het hulle span vroeg al voorgeloop.

Alles word gedoen net vir die pure pret.

In die verbinding met enkelvoudige konkrete soortnaamwoorde soos *boer*, *hond*, *kind*, *onderwyser*, *oumens*, *predikant* en *vrou* word 'n generiese lesing geaktiveer wat 'n besondere kenmerk of kwaliteit releveer.

Ten spyte van sy jare is Tjaka nog pure hond as hulle op die jag uit is (WAT).

Jy begin sommer 'n pure boer word (WAT).

Sy was nog pure kind toe sy die huis moes uit om haar eie potjie te krap.

Pure oumens, hierdie idealisering van die oorlogstyd.

Die mengsel smaak na pure lemoen/appelkoos/piesang.

Uit hierdie tipe verbinding het die vaste uitdrukkings *pure man* en *pure perd* ontwikkel.

Hulle dra onderklere van kant en satyn en word nog steeds as pure man beskou.

Tuis smeer Ma die salfies aan, en Hans voel gou weer pure man.

So 'n gemsbokbul is gewoonlik taai, en na 'n paar weke was hy weer pure man (WAT).

Die Gti is 'n blitsbuksie wat pure perd is.

Vat 'n lekker lang naweek, dan voel jy weer pure perd.

Ten spyte van haar swak oë en hoë ouderdom is sy nog sommer pure perd (WAT).

In verbindings met meervoudige soortnaamwoorde is *pure* vervangbaar deur (*die*) *ene*.

Hulle hande is pure littekens.
Graaf Dracula se kasteel is pure blou paraffiendampe.
Hy was pure *smiles*.
Sy swaar arms en bene was alles die pure spiere (WAT).
... die mat is pure kolle van die hond (WAT).
[Vlam] is pure nukke (WAT).

7.1.1.2 *Die*

In substantiefstukke met *pure* kom *die* baie min voor. Die oorweldigende meerderheid van hierdie tipe substantief bevat geen *die* nie.

Dis die kerkklok (maar nie snags nie: die pure bedagsaamheid!) (Fanie Olivier).
Amerika is die pure onskuld self.
Die lewe is die pure maanskyn en rose.
Van pure woede slaan hy hard op die tafel.
En dan brul die bakkie van pure plesier.
Die hele aangeleentheid kom neer op pure bespiegeling.
Dat drank 'n medisyne is, is pure bog (WAT).
... [jy] wikkel jou tone uit pure genot ... (WAT).
Dis van pure vaak wat hy so onplesierig is (WAT).

Google-data toon dat *die* in die baie algemene verbinding (*die*) *pure plesier* net in 15% van die optekeninge (6 uit altesaam 40) voorkom. Van *pure bog* is daar 13 optekeninge en van *die pure bog* geen enkele optekening nie.

7.1.2 Spreiding

Nes *louter* en *suiwer*, is *pure* nie beperk in sy sintaktiese spreiding nie.

- **Onderwerp**

Pure verveling het aanleiding gegee tot drankmisbruik.

- **Voorwerp**

Daar is min dinge wat die pure plesier van 'n pragtuin klop.

- **Setselvoorwerp**

Die hele aangeleentheid kom neer op pure bespiegeling.

- **Kopulapredikaat**

Die lewe is die pure maanskyn en rose.

- **Setselaanvulling**

Sy het net vir pure plesier 'n paar uitbundige passies gemaak. Onbesliste leerders word maklik deur die pure romantiek van sekere beroepe beïndruk.

Pure/puur kom glad nie as adjunk voor nie, en die volgende WAT-optekeninge van *puur* as graadbepaling in 'n adjektiefstuk is argaïes: *puur geskiedkundige feite*, *puur blou* en *puur verbaas*. Die enigste gebruiklike geval met *pure/puur* as graadbepaling is die vaste uitdrukking *pure/puur verniet*.

Dis alles pure verniet.

Ek het altyd geraas as hy die pad vat – pure verniet.

My bakkie het twee groot kantspieëls – pure verniet, dit tel geen punte nie.

Oral word daar naarstiglik gesoek, maar pure verniet, ons kan nie vir Johan opspoor nie.

Ons het pure verniet daar sit en wag.

Sy gryp die ding en gooi hom by die agterdeur uit, maar die vlamme geblus kry, is pure verniet.

As graadbepaling in die vaste verbinding met die adjektief *verniet* is *puur* 'n springlewendige variant van *pure*.

Al die debatteerdery oor Qausimodo is *puur verniet*.

Die arme man het gespook dat sy tong uithang, maar als was *puur verniet*.

Die vereniging maan al jare lank dat daar meer in die hoër onderwys belê moet word, maar *puur verniet*.

Hy sing sy lied somer *puur verniet*.

8. *Skone*

Tussen *skone* en die adjektief *skoon* is daar weinig sinkroniese verband. Volgens die norm vir eensillabige adjektiewe, het *skoon* “nie vuil nie” geen attributiewe e-uitgang nie, terwyl *skone* eweneens vormvas is, met 'n -e aan die einde uit 'n voormalige attributiewe suffiks wat inmiddels versteen het. Daar is geen wisseling tussen 'n vorm met en 'n vorm sonder die -e aan die einde nie: die -e van *skone* is vas. In hierdie opsig verskil *skone* dus van die ander lede van die sentrale groep.

Skone het yl polisemiese verband met die adjektief *skoon* “onvermeng”, soos in *skoon brandewyn* en die bywoord (adjunktiese adjektief) *skoon* “heeltemal” soos in die onderstaande voorbeelde.

Dit vat jou maagseer skoon weg.
Ek vergeet skoon van die vars jenewertjie.
Moedersdag het my skoon ontgaan.
Len loop 'n bok skoon uit sy pad uit.
Hy kom skoon onderstebo in die harnas verby.
Hasie Kalbassie het skoon verdwyn.

8.1 Sintaksis

8.1.1 Binnebou

8.1.1.1 Die substantief

Skone verbind net met nie-meervoudige abstrakte substantiewe, byvoorbeeld *avontuur*, *begeerte*, *genot*, *nostalgie*, *onkunde*, *opgewondenheid*, *ouderdom*, *plesier*, *radeloosheid*, *senuwees*, *skok*, *skrik*, *uitputting*, *verbasing*, *verligting*, *verveeldheid*, *verwondering*.

8.1.1.2 *Die*

Skone kombineer nooit met *die* nie.

Pa los die stuurwiel van *skone* skrik.
Sy sing met soveel oorgawe en passie dat ek *skone* verwondering op die gesigte om my bespeur.
Van *skone* verbasing en nie weet nie het hy uitgeroep: "What a mice!"
Hy het van die nuwe organiese produkte te hore gekom en uit *skone* radeloosheid besluit om hulle op die proef te stel.
Uit *skone* onkunde het ons mense ons eie leefwêreld in die gevaar gestel.

8.1.2 Spreiding

Die sintaktiese spreiding van substantiefstukke met *skone* is redelik beperk. Die hoofverbande is kopulapredikaat van *wees* en aanvulling van die setsels *uit* en *van*.

Die man se *songs* is *skone* nostalgie.
Tot onder by die *abseil* is *skone* avontuur.

Uit *skone* onkunde het ons mense ons eie leefwêreld in die gevaar gestel.
Hy skink vir hom 'n stywe dop uit *skone* skok oor die slegte nuus.

Dit laat die luisteraar glad sug van skone verligting. Jy raak dan maar van skone uitputting aan die slaap.

9. Die bespreking in die WAT

In die dele van die WAT wat tot dusver verskyn het, kom net drie van die betrokke leksikale items aan die orde, naamlik *ene*, *loutere* en *pure*.

9.1 *Ene*

Ene word behandel in Deel II van 1956. Die bespreking is kursories en oppervlakkig – eksemplaries van die aanbieding in die eerste twee dele van die WAT. Van Deel III af het die peil van die WAT se leksikografie aansienlik gestyg. *Ene* word aangebied as die sesde verskyningsvorm van *een* as byvoeglike (hoof)telwoord, dus binne die indeling:

een	I	telw.
	B	byvoeglik

Die subindelings geld sowel attributiewe as predikatiewe gebruike, byvoorbeeld

1. *Een* as hooftelwoord, bv. *Dit kos een pond.*
2. 'Ten nouste verbonde', bv. *Man en vrou is een.*
3. *Een* 'dieselfde', bv. *van een leeftyd*; ook in die vaste uitdrukking *een en dieselfde*.

Hierdie drie voorbeelde laat iets blyk van die uiteenlopendheid van die elf gebruikegevalle wat onder dieselfde subhoof hanteer word. Hoe dit ook al sy, *ene* is hier 'n vreemde eend in die byt.

Elf kolomreëls word aan *ene* afgestaan, wat vir meer as 90% in beslag geneem word deur agt gebruikegevalle. Tog word in uiters kort bestek verbasend baie inligting oor *ene* verskaf.

1. Die wisselvorme *een* en *ene* word vermeld (en ook in die gebruikegevalle verdiskonteer), met die aanduiding daarvan dat *ene* die voorkeurvorm is.
2. In die gebruikegevalle verskyn die argaïese variant *een*, wat die skakel is met die hooftelwoord *een*.
3. Die wisselvorme *ene* en *die ene* word aangedui.

Origens word van die uniekheid (*die*) *ene* en die feit dat dit glad nie meer 'n hoofelwoord is nie, geen blyke in die woordeboekartikel gegee nie.

9.2 *Louter*

Die WAT-artikel oor *louter* verskyn in 1994 – dekades na dié oor *ene* – en die vooruitgang in leksikografiese beskrywing blyk duidelik.

Onder die adjektief *louter* word twee poliseme onderskei.

1. Suiwer of nie met iets anders vermeng nie; ook, bloot of by uitstek die genoemde en niks anders nie: *louter(e) bog, die louterste bog, louter(e) toeval*.
2. Suiwer en nie met ander stowwe vermeng nie: *louter agtienkaraat goud, louter brandewyn, hare van louter goud, louter silwer*.

Die definisie van poliseem 1 is meerduidelik: die eerste deel van die definisie, naamlik "suiwer of nie met iets anders vermeng nie", verskil nie weselik van die definisie van poliseem 2 nie. Vandaar dat gebruiksgevalle onder (1) vermeld word wat in der waarheid onder (2) tuishoort, byvoorbeeld *louter Karoo, louter Vrystater, sy loutere karakter, loutere gedigte; Sy werk is nooit louter beredeneer nie*.

Van die wisseling *louter/loutere* en die gebruik van die oortreffende trap *louterste* word in die woordeboekartikel goed rekenskap gegee. Die adjunktiese gebruik van *louter* word vermeld, maar die een gebruiksgeval het betrekking op die eerste poliseem:

Die Goddelike openbaring wat hy louter deur Gods genade aanvaar ...

terwyl die tweede te doen het met die tweede poliseem (dit wil sê "suiwer, onvermeng"):

Sy werk is nooit louter beredeneer nie.

Verder word onder die hoof *Idiomaties* die adjunktiese vaste uitdrukking bespreek, sonder vermelding daarvan dat dit adjunkties gebruik word of dat *louter* ook sonder *alleen* gebruik kan word:

Dit (is) louter en alleen hul eie skuld.
Dit is louter hulle eie skuld.

Nêrens in die woordeboekartikel word vermeld dat *louter* as graadbepaling in 'n adjektiefstuk kan optree nie, soos in: *in louter uitvoerende hoedanigheid, louter helende krag*. Vergelyk verder afdeling 5 bo.

9.3 *Pure*

Aan *pure* word heelwat ruimte afgestaan, onder andere aangesien die betrokke stof onder twee verskillende artikels verdeel word, te wete *pure* en *puur*. Hierdie verdeling is gegrond op blote vormlike verskil en laat geensins reg geskied aan die leksikale aard van die adjektief *pure* nie.

Onder *pure* word drie poliseme onderskei.

1. 'Suiwer, volkome of niks anders nie as'; bv. *pure aanstellery, pure vaak, pure bog*. Hierdie deel van die woordeboekartikel bevat naas 'n aantal vindplase 'n indrukwekkende versameling van tientalle abstrakte substantiewe wat met *pure* in hierdie betekenisonderskeiding kombineer.
2. 'Egte ..., regte of volkome ware'; bv. *pure vrou-wees, pure man, pure hond*.
3. 'Ene ... of die ene'; bv. *die pure spiere, pure nukke*. Dit is geen betekenisonderskeiding wat hier geformuleer word nie, maar sinonimie met en vervangbaarheid deur (*die ene*).

In die kern van die saak gaan hierdie drieledige onderskeid nie om die betekenis nie, maar om die tipe substantief waarmee *pure* verbind, naamlik abstrakte substantiewe (in (1)), enkelvoudige konkrete substantiewe (in (2)) en meervoudige konkrete substantiewe (in (3)). Hierdie bepaalde onderskeid kom nie duidelik genoeg in die beskrywing deur nie. Vandaar dat onder (2) gevalle met abstrakta behandel word wat onder (1) tuishoort (kursivering in die voorbeelde telkens my eie – FP):

Hulle (het) drie weergawes van die nuwe CD uitgebring ...
 "Ons het 'n groene vir die country-aanhangers,'n rooie wat *pure pop* is en die blou album ..."
 Tuis is sy 'n mens wat die ervaring van moeder en *pure vrou-wees* ten volle geniet.

Afgesien van een enkele gebruiksgeval waarin *die* met *pure* kombineer (*Sy swaar arms en bene was alles die pure spiere*), is

daar in die woordeboekartikel geen vermelding hoegenaamd van die variasie tussen *pure* en *die pure* nie.

Die indeling van die woordeboekartikel *puur* sien soos volg daar uit.

I b.nw.

1. (verouderend; enigsins digterlik of verhewe) Suiwer, helder ... of skoon: Pure klappermelk, sout. 'n Pure nektargeur, ... pure koper, ... pure wol. Niks is so puur soos die digkuns nie, puur poësie.
2. Soos PURE I 1: uit puur nuuskierigheid, van puur minderwaardigheid, puur plesier.

II bw.

Sien PURE II: ... *Puur verniet*, ... *puur verbaas* ...

Die onderskeid tussen "byvoeglike naamwoord" en "bywoord" wat in die tradisionele grammatika en die tradisionele leksikografie gemaak word, is ongeldig. "Bywoord" met betrekking tot 'n leksikale item soos *pure* slaan nie op 'n afsonderlike leksikale *kategorie* nie, maar op van die spreidingsgleuwe waarin 'n adjektief gebruik kan word (vgl. origins Ponelis, 1979:275).

- **Adnominaal**

Attributief/prenominaal: Hy is *pure* man; Dis 'n *interessante* probleem.

Postnominaal: iets *interessants*.

Kopulapredikaat: Dit is *interessant*.

Adjunk: Sy het haar misnoeë *duidelik* te kenne gegee.

Graadbepaling in 'n adjektiefstuk: 'n *besonder* duidelike aanwysing; *onomstootlik* ware getuienis; *suiwer* beskrywende benaminge.

Die tradisionele "bywoord" slaan op die adjunktiese gebruik en die gebruik as graadbepaling van die adjektief. Hiermee verval dan ook die geldigheid van die hoofindeling tussen "byvoeglike naamwoord" en "bywoord" wat in die WAT-artikel *puur* gemaak word. Tewens, in hoofafdeling I van hierdie woordeboekartikel word 'n subparagrafie ingevoeg waarin die sogenaamde bywoordelike gebruike van *puur* aan die orde gestel word, soos in:

Die puur geskiedkundige feite wat hy opnoem ...

Skielik is die dag helderder, ... die water in die swembad puur blou.

Hier gaan dit in der waarheid om *puur* as graadbepaling binne 'n adjektiefstuk. Hoe dit ook al sy, hierdie subparagrafie ondergrawe die oënskynlike sistematiek van die woordeboekartikel.

Ook die hantering van *pure* en *puur* as twee verskillende woordeboekartikels gaan glad nie op nie. Hierdie onderskeid berus op 'n ondergeskikte vormlike verskynsel, naamlik die voorkoms van die attributiewe *-e*. Onder *puur* word 'n poliseem behandel wat nie onder *pure* voorkom nie, naamlik “suiwer, helder”. Die implikasie is dat *pure* nie hierdie (argaïese) betekenisonderskeiding het nie. Maar in die bespreking van “suiwer, helder” word nie minder nie as vier gebruiksgevalle met *pure* genoem: *pure klappermelk, sout; 'n pure nektargeur; pure koper* en *pure wol*. Origens word die vaste uitdrukking met *verniet* onder sowel *pure* as *puur* vermeld; dus onderskeidelik *pure verniet* en *puur verniet*, sonder om telkens aan te dui dat *pure verniet* en *puur verniet* met mekaar varieer.

Kortom, in die WAT-artikels *pure* en *puur* kom omvangryke en bruikbare gegewens voor, maar die leksikografiese hantering daarvan is uiters gebrekkig.

10. Slot

10.1 Spesialisering

Vormlike en semantiese leksikale spesialisering word in 'n ruim mate deur die ondersogte data geïllustreer.

Die algemeenste vorm van spesialisering is die ontwikkeling van die betekenisonderskeidings wat al die betrokke adjektiewe gemeenskaplik het, waaronder hulle affektiese gebruik.

Ene het vormlik gespesialiseer uit die variant *ene* van die hoofwoord *een* en semanties so ingrypend gespesialiseer dat hy tot 'n afsonderlike leksikale eenheid ontwikkel het, wat sinkronies geen semantiese verband met die hoofwoord *een* het nie. *Skone* het dieselfde pad gevolg. Vormlik het hy gespesialiseer deur die attributiewe uitgang *-e* as vaste deel in die leksikale liggaam op te neem. Origens het hy semanties tot 'n aparte leksikale item ontwikkel wat weinig verband het met ander leksikale items *skoon*, soos “nie vuil nie” en “mooi”. Die vormlike spesialisering van *pure* het nie heeltemal so ver gevorder as dié van *ene* en *skone* nie, aangesien *pure* nog 'n minimale variant *puur* het: dit beteken dat die vormlike spesialisering van *pure*, met vaste *-e*, nog nie heeltemal afgehandel is nie. Deur semantiese spesialisering het *pure* die betekenisonderskeiding “suiwer” verloor en net die betekenis behou

wat in hierdie artikel behandel word – wat dit betref, het *pure* dus dieselfde ontwikkelingsgang as *skone* deurloop. In teenstelling met die voorgaande adjektiewe het *louter* en *suiwer* minder konsekwent gespesialiseer: albei het produktiewe variasie tussen vorme sonder en vorme met die uitgang -e: *louter/loutere*, *suiwer/suiwere*, terwyl hulle semanties nog verskillende poliseme behou.

Die vorm *die* wat met *ene* en *pure* verbind, is 'n gespesialiseerde vorm van die bepaalde lidwoord wat alle bepaaldheid verloor het. Dit is 'n leë vorm wat eintlik 'n homoniem is van die bepaalde lidwoord.

Op die sintagmatiese vlak bevat die data 'n hele aantal voorbeelde van vaste verbindings. *Pure* verbind so geredelik met substantiewe soos *genot* en *plesier* dat hier waarskynlik vaste verbindings aan die ontwikkel is. *Pure man* en *pure perd* het reeds tot volle vaste verbindings ontwikkel. Afgesien van die vastheid van die verbinding laat die semantiese toepassing van hierdie verbindings hulle idiomatisiteit blyk. Albei uitdrukkings kan naamlik op sowel mans, vroue en kinders, as diere toegepas word.

Die rus sal vir Piet/Marie/die ou seuntjie/jou hondjie sommer weer *pure man/pure perd* laat voel.

Pure/puur verniet is 'n vaste verbinding met die adjektief *verniet*.

Ene aandag, ene belangstelling, ene konsentrasie en *ene onskuld* is ontluikende vaste uitdrukkings, terwyl *ene oë* en *ene ore* reeds volledig gespesialiseerd is.

10.2 Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*

Weens die alfabetiese vordering van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* kon die leksikografiese beskrywing van net drie van die betrokke versameling adjektiewe onder die loep geneem word, naamlik *ene*, *louter* en *pure*. Die dekades wat verloop het tussen *ene* (1956) en *louter* (1994) laat enorme vooruitgang in die vlak van leksikografiese beskrywing blyk. Met die inagneming daarvan dat die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* hom in al die gepubliseerde dele nog hoofsaaklik van die gebruik van optekening op indekskaartjies bedien, is die uitgebreidheid van die data in die later verskene dele werklik verstommend. Maar in die analise word selfs in hierdie verband op belangrike leemtes gewys (wat wel deur die gebruik van uitgebreide alfabetiese rekenaarkorpora reggestel sou kon word). Daar word ook bevind dat die leksikologiese beskrywingsraamwerk van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* gebrekkig is.

Geraadpleegde bronne

- BOOIJ, G.E. 2005. The grammar of words: an introduction to linguistic morphology. Oxford: Oxford University Press. (Oxford textbooks in linguistics.)
- BÖRJAS, KERSTI & BURRIDGE, KATE. 2001. Introducing English grammar. London: Arnold.
- BOTHA, R.P. 1988. Form and meaning in word formation: a study of Afrikaans reduplication. Cambridge: Cambridge University Press. (Cambridge studies in linguistics supplementary volume.)
- COLLINS, PETER & HOLLO, CARMELLA. 2000. English grammar: an introduction. London: Macmillan.
- COMBRINK, JOHAN. 1990. Afrikaanse morfologie: *capitula exemplaria*. Pretoria: Academica.
- CRUSE, D.A. 1986. Lexical semantics. Cambridge: Cambridge University Press. (Textbooks in linguistics.)
- DE STADLER, L.G. 1989. Afrikaanse semantiek. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.
- GOOGLE-DESKTOP. Subprogram van die Google-webblaaier.
- GOUWS, R.H. 1989. Leksikografie. Pretoria: Academica.
- HAESERYN, W. *et al.* 1997. Algemene Nederlandse spraakkunst. Band 1, Deel 1: Het woord. Groningen: Nijhoff.
- HAWKINS, JOHN A. 1978. Definiteness and indefiniteness. London: Croom Helm.
- KATAMBA, FRANCIS, *ed.* 2004. Morphology. I-VI: Critical concepts in linguistics. London: Routledge.
- KEMPEN, WILLEM. s.a. Samestelling, afleiding en woordsoortelike meerfunksionaliteit in Afrikaans. Kaapstad: Nasou.
- LIPKA, LEONHARD. 1990. An outline of English lexicology: lexical structure, word semantics and word-formation. Tübingen: Niemeyer.
- LYONS, CHRISTOPHER. 1999. Definiteness. Cambridge: Cambridge University Press. (Cambridge textbooks in linguistics.)
- LYONS, JOHN. 1977. Semantics. Vol. 1. Cambridge: Cambridge University Press.
- PHAROS-KORPUS. Aaneenlopende digitale korpus van Afrikaanse tekste saamgestel deur die uitgewery Pharos.
- PONELIS, F.A. 1979. Afrikaanse sintaksis. Pretoria: Van Schaik.
- PONELIS, F.A. 1989. Leksikale elemente. (*In Botha, T.J.R., red. Leksikografie en leksikologie. Opedra aan prof. Francois Odendal. Menlopark: Serva. p. 48-54.*)
- PONELIS, F.A. 1993. The development of Afrikaans. Frankfurt am Main: Lang.
- SPENCER, ANDREW & ZWICKY, ARNOLD M., *eds.* 1998. The handbook of morphology. Oxford: Blackwell. (Blackwell handbooks in linguistics.)
- VAN DALE. 2004. Groot Woordenboek der Nederlandse Taal. 13de herziene uitgawe deur prof. dr. Guido Gerts en drs. Ton den Boon. Utrecht: Van Dale Lexicografie.
- WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. 1956-2005. Pretoria; Stellenbosch: Staatsdrukker; Buro van die WAT.

Kernbegrippe:

leksikale spesialisering

leksikografiese beskrywing in die *Woordeboek van die Afrikaanse
Taal*

leksikologie

Key concepts:

lexical specialisation

lexical description in the comprehensive *Woordeboek van die
Afrikaanse taal* dictionary

lexicology